
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za


Die Liefde Van Jesus

My hart loop oor met vreugde elke keer wanneer ek verse 38 en 39 in Romeine hoofstuk 8 lees. **Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.**

Jesus het nie net liefde nie, maar HY IS LIEFDE. Ons lees in 1 John 4:8-16: **Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.**

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons sò lief gehad het, behoort ons ook mekaar te hê. Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword.

Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. (1 John. 4:8-16)



… maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8-10)

DIE HERE SE LIEFDE KAN NIE BEINVLOED WORD NIE.

God se hele natuur is liefde. Sy hart is liefde. *Daar is geen kwaliteite of eienskappe wat Sy se liefde kan aantrek na die voorwerpe wat Hy liefhet nie.*

Dis 'n belangrike stelling – lees dit weer, asb. Want ons is tog Sy skepping en het weens sonde eintlik afstootlik geword vir Sy Heiligheid. Hy het ons lief om Homself: OMDAT HY LIEFDE IS.

Wanneer ons 'n ander persoon liefhet is dit gewoonlik omdat ons iets aantrekliks in hom vind; hy vind byval by ons. Maar ons het niks om by Jesus mee byval te vind nie. Tog KIES Hy om ons lief te hê: dis Sy soewereine wil, tenspyte van wat die mens is of gedoen het. Soos vir Israel van ouds, sê Hy vandag nog vir die mens: **Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. (Deut. 7:7)**

Hy het ons van ewigheid af lief daarom kan niks aan 'n persoon die oorsaak wees van wat in Hom was van die Begin af nie. **Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…. (Jer. 31:3)**

Hy het ons liefgehad toe ons nog teenoor Hom vyandig gesind was, en sò het Hy reeds Sy eie gebid nagekom wat lui dat ons ons vyande moet lief hê.

… maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8-10)

Ons het Hom lief OMDAT HY

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die liefde van Jesus)

ONS EERSTE LIEFGEHAD het (Joh. 4:19) Hierdie eienskap, nl. Sy Liefde, is een van Sy oordraaglike eienskappe aan SY Kinders. Nie al Sy se eienskappe is oordraaglik nie. Hy is byvoorbeeld Alomteenwoordig, alwetend en almagtig: sò kan Sy Kinders nie wees nie. Maar Sy Kinders besit wel Sy Liefde. Dis die *agapè* liefde, Goddelike liefde, die Godsoortige liefde. Daarom kan die gelowige ook KIES om lief te hê, en hoef nie te wag vir iets in sy medemens om by hom byval te vind voordat hy hom kan liefhê nie.

DIE HERE SE LIEFDE IS EWIG

Kyk weer na **Jer. 31:3: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n EWIGE liefde…..**

As God ons kon liefhê toe ons nog sondaars was, vyande van die Kruis, kan ons verseker wees dat Hy sal aanhou om ons lief te hê. Hy is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG. Wanneer jy dit besef dan twyfel jy nooit aan Sy se Liefde vir jou nie. Dan, wanneer 'n krisis kom, dink jy nie dat Hy jou nie meer liefhet en Sy Liefde van jou af onttrek is nie. Sy Liefde is dan EWIG! 'n Vader en 'n moeder onttrek nie hulle liefde van hulle stout kind af nie, en die Here se liefde vir ons is tog soveel GROTER as die van 'n aardse ouer vir sy kind. Die omgang tussen die ouer en die kind is wel versteur, maar die verhouding is nie verbreek nie. Die Here is EWIG daarom is Sy LIEFDE EWIG!

DIE HERE SE LIEFDE IS NIE 'N EMOSIE NIE.

Dis by hierdie aspek waar die meeste mense baie verwar raak oor liefde. Ons het slegs 'n konsep van menslike liefde wat verander met gevoelens en omstandighede. Die Here se Liefde is ' KEUSE VAN SY WIL: HY KIES om lief te hê en daarom verander Sy Liefde nie.

In die Bybel lees ons van drie verskillende soorte liefde, naamlik broederliefde (Grieks: fileo), vleeslike liefde (Grieks: eros – dis fisiese aantreklikheid wat Satan nou weer pervert het sodat dit SEKS beklemtoon en die wêreld se standaard vir aanvaarbaarheid geword het) en Goddelike liefde (Grieks: agapè). Agape soek altyd die welsyn en voordele van ander: dit GEE altyd.

Want sò lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy Eniggebore Seun GEGEE het…. (Joh. 3:16)

Die mens se liefde is op 'n emosionele vlak, maar op onstabiele emosies kan jy nie 'n verhouding bou nie – gevoelens is misleidend.

Die Here se Liefde is nie op en af nie: Hy het Sy Liefde met Sy dade bevestig. Ons was sondaars wat die hel verdien het. Die Here het GEKIES om ons lief te hê. En dit het nie gebeur omdat Hy een oggend goed gevoel het en gesê het: "Ek voel lus om daardie arme klomp sondaars te red nie." Nee, Hy het GEKIES om ons van ewigheid tot ewigheid lief te hê.

DIE HERE SE LIEFDE IS HEILIG

Sy liefde is nie slap en na willekeur nie, dis standvastig en regverdig.

DIE HERE SE LIEFDE IS PERFEK.

Ons het in Ef. 3:18 (hierbo) gelees van die begrip wat Sy Kind kan hê van die breedte, lengte, diepte en hoogte van Sy Liefde. As ons die diepte en hoogte as een sy van 'n blokkie (kubus) kan neem, vind ons die ander twee sye is die lengte en breedte. Vir die Hebreeuse denkwyse simboliseer die eweredigheid van die kubus VOLMAAKTHEID (perfektheid, volkomenheid) So sien ons dat in Moses se tabernakel die Aller Heiligste 'n kubieke maat gehad het (el). In Salomo se tempel was dit ook die geval, maar net groter. Kyk na die mate van die Hemelse Stad van Openb. 21:16.

Die Here se liefde besit so 'n VOLMAAKTHEID. Kom ons ondersoek dit.

DIE KRUIS IS DIE HOOGSTE UITDRUKKING VAN SY LIEFDE

Die omstandighede van Jesus Christus se dood illustreer vir ons die breedte, lengte, diepte en hoogte van die Here se Liefde.

OPSKRIF BOKANT DIE KRUIS:

En daar was ook 'n opskrif bokant om geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE. (Luk. 23:38)

Hebreeuse was die godsdienstige taal van daardie tyd, Grieks die kulturele taal en Latyn die taal van die gereg. Die drie tale was nie net simbolies van die hele spektrum van die samelewing nie, maar van die ganse aarde, en almal was saamgevat op die Kruis. Die ganse mensdom was hier ingesluit.

CHRISTUS SE UITROEP.

…..en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sbagtani? Dit is: My God, My God, waarom het U My verlaat? (Matt. 27:46)

Hier het God Sy Seun verlaat. Dit is die LENGTE waartoe die Liefde van God gegaan het om die mens te red. Sy Seun het sonde vir ons geword, en die ewige straf in ons plek gedra.

Kan jy sien hoe dwaas dit is om te redeneer dat God ons oordeel vir ons sondes wanneer ellende ons oorval?! Jesus was klaar geoordeel aan die Kruis vir ons sonde van gister, vandag en more.

… en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde. (1 Joh. 1:7)

GOD VERLANG DAT ONS IN HIERDIE LIEFDE MOET WANDEL.

Ons weet dat volgens Matt. 22:37-40 is die EERSTE en TWEEDE GEBOD van die Here: LIEFDE. Maar Hy gee nooit vir ons 'n opdrag wat Hy nie reeds uitgevoer het nie. In Ef. 5:1 en 2 word ons soos volg beveel: **Wees dan NAVOLGERS van God soos geliefde kinders, en WANDEL IN LIEFDE, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.**

Liefde moet vir Sy Kinders 'n lewenswyse wees, soos dit vir

(Vervolg op Bl. 6)

AND THE WORD BECAME FLESH

One of the devil's greatest aims is to bring about doubt in the minds of Christians concerning the written Word of God and the Deity of Jesus Christ. Jesus said in **John 6:63:**

It is the spirit that quickeneth; the flesh profiteth nothing: <u>the words that I speak unto you, *they* are spirit, and *they* are life.</u> It is only when you are absolutely convinced without any doubt whatsoever that the Bible is the Lord's final authority concerning any given subject, that you will not become confused. Remember that it is Satan's purpose to attack your faith and to bring you to a place of uncertainty and doubt in your mind just as he did in the Garden of Eden when he said to Adam and Eve**; "Hath God said?"** We must make a quality decision and declare; "God said it, I believe it and that settles it!" We must make a quality decision to believe God's Word and to stand upon it no matter what is being said or done around us! Remember Jesus promised us in **Matt. 7: 24-27: Therefore whosoever heareth these <u>sayings of Mine, and doeth them</u>, I will liken him unto a wise man, which built his house upon a rock: And the rain descended, and the floods came, and the winds blew, and beat upon that house; and it fell not: for it was founded upon a rock. And every one that heareth these <u>sayings of Mine</u>, and doeth them not, shall be likened unto a foolish man, which built his house upon the sand: And the rain descended, and the floods came, and the winds blew, and beat upon that house; and it fell: and great was the fall of it.**

The Lord is referring here to the attacks of the enemy.

When you hear the Word of the Lord and trust it sufficiently to react upon it in faith, your spiritual house will never fall because Jesus assures us of this truth and certainty. When Jesus prayed in **John 17:17,** He said: **Sanctify them through Thy truth: THY WORD IS TRUTH.**

The Lord explains the Word (Jesus) becoming flesh in John chapter one. We read **John 1:1-14: In the beginning was the Word, and the Word was with God, <u>and the Word was God</u>.**

The same was in the beginning with God. All things were made by Him; and without Him was not any thing made that was made. In Him was life; and the life was the light of men. And the light shineth in darkness; and the darkness comprehended it not. There was a man sent from God, whose name *was* John. The same came for a witness, to bear witness of the Light, that all *men* through Him might believe. He was not that Light, but *was sent* to bear witness of that Light. *That* was the true Light, which lighteth every man that cometh into the world. He was in the world, and the world was made by Him, and the world knew Him not. He came unto His own received Him not. But as many as received Him, to them gave He power to become the sons of God, *even* to them that <u>believe on His name</u>: Which were born, not of blood, nor of the will of the flesh, nor of the will of man, but of God. AND THE WORD BECAME FLESH, AND DWELT AMONG US, (and we beheld His glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.

<u>JESUS BECAME FLESH-THE SEED OF A WOMAN</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Gen 3:15) And I will put enmity between thee and the woman, and between thy seed and her seed; it shall bruise thy head, and thou shalt bruise his heel.

FULFILLMENT: (Gal 4:4) But when the fullness of the time was come, God sent forth His Son, made of a woman, made under the law,

<u>SEED OF ABRAHAM</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Gen 12:3) And I will bless them that bless thee, and curse him that curseth thee: and in thee shall all families of the earth be blessed.

FULFILLMENT: (Mat. 1:1) The book of the generation of Jesus Christ, the son of David, the son of Abraham.

<u>SEED OF ISAAC</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Gen 17:19) And God said, Sarah thy wife shall bear thee a son indeed; and thou shalt call his name Isaac: and I will establish My covenant with him for an everlasting covenant, *and* with his seed after him.

FULFILLMENT: (Luk 3:34) Which was *the son* of Jacob, which was *the son* of Isaac, which was *the son* of Abraham, which was *the son* of Thara, which was *the son* of Nachor,

<u>SEED OF JACOB</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Num 24:17) I shall see him, but not now: I shall behold him, but not nigh: there shall come a Star out of Jacob, and a Sceptre shall rise out of Israel, and shall smite the corners of Moab, and destroy all the children of Sheth.

FULFILLMENT: (Mat 1:2) Abraham begat Isaac; and Isaac begat Jacob; and Jacob begat Judas and his brethren;

<u>FROM THE TRIBE OF JUDAH</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Gen 49:10) The sceptre shall not depart from Judah, nor a lawgiver from between his feet, until Shiloh come; and unto him *shall* the gathering of the people *be.*

FULFILLMENT: (Luk. 3:33) Which was *the son* of Aminadab, which was *the son* of Aram**, which was *the son* of Esrom, which was *the son* of Phares, which was *the son* of Juda,**

<u>HEIR OF THE THRONE OF DAVID</u>

PROPHETIC SCRIPTURE: (Isa. 9:6-7) For unto us a child is born, unto us a son is given: and the government shall be upon His shoulder: and His name shall be called Wonderful, Counsellor, The mighty God, The everlasting Father, The Prince of Peace. Of the increase

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - El Shadai and not El Nino….)
of *His* government and peace *there shall be* no end, upon the throne of David, and upon His kingdom, to order it, and to establish it with judgment and with justice from henceforth even for ever. The zeal of the LORD of hosts will perform this.

FULFILLMENT: (Luk. 1:32) He shall be great, and shall be called the Son of the Highest: and the Lord God shall give unto him the throne of his father David:

BORN IN BETHLEHEM

PROPHETIC SCRIPTURE: (Mic 5:2) But thou, Bethlehem Ephratah, *though* thou be little among the thousands of Judah, *yet* out of thee shall He come forth unto me *that is* to be Ruler in Israel; whose goings forth *have been* from of old, from everlasting.

FULFILLMENT: (Luk. 2:4, 5, 7) And Joseph also went up from Galilee, out of the city of Nazareth, into Judaea, unto the city of David, which is called Bethlehem; (because he was of the house and lineage of David:) To be taxed with Mary his espoused wife, being great with child. And she brought forth her firstborn son, and wrapped Him in swaddling clothes, and laid Him in a manger; because there was no room for them in the inn.

BORN OF A VIRGIN

PROPHETIC SCRIPTURE: (Isa. 7:14) Therefore the Lord Himself shall give you a sign; Behold, a virgin shall conceive, and bear a son, and shall call His name Immanuel. (born of a virgin)

FULFILLMENT: (Luk. 1:26,27,31,32) And in the sixth month the angel Gabriel was sent from God unto a city of Galilee, named Nazareth, To a virgin espoused to a man whose name was Joseph, of the house of David; and the virgin's name *was* Mary. And, behold, thou shalt conceive in thy womb, and bring forth a son, and shalt call His name JESUS. He shall be great, and shall be called the Son of the Highest: and the Lord God shall give unto Him the throne of his father David:

DECLARED THE SON OF GOD

PROPHETIC SCRIPTURE: (Psa. 2:7) I will declare the decree: the LORD hath said unto Me, Thou *art* my Son; this day have I begotten Thee.

FULFILLMENT: (Mat 3:17) And lo a voice from heaven, saying, This is my beloved Son, in whom I am well pleased.

SOLD FOR 30 SHEKKELS OF SILVER

PROPHETIC SCRIPTURE: (Zec. 11:12) And I said unto them, If ye think good, give *me* my price; and if not, forbear. So they weighed for my price thirty *pieces* of silver.

FULFILLMENT: (Matt. 26:15) And said *unto them,* What will ye give me, and I will deliver Him unto you? And they covenanted with him for thirty pieces of silver.

SILENT BEFORE HIS ACCUSERS

PROPHETIC SCRIPTURE: (Isa. 53:7) He was oppressed, and He was afflicted, yet He opened not His mouth: He is brought as a lamb to the slaughter, and as a sheep before her shearers is dumb, so He openeth not His mouth.

FULFILLMENT: (Mar 15:4-5) And Pilate asked Him again, saying, Answerest thou nothing? behold how many things they witness against Thee. But Jesus yet answered nothing; so that Pilate marvelled.

SPAT UPON AND STRUCK

PROPHETIC SCRIPTURE: (Isa. 50:6) I gave my back to the smiters, and my cheeks to them that plucked off the hair: I hid not my face from shame and spitting.

FULFILLMENT: (Mat 26:67) Then did they spit in His face, and buffeted Him; and others smote *Him* with the palms of their hands,

DISPISED AND MOCKED

PROPHETIC SCRIPTURE: (Psa. 22:7-8) All they that see me laugh me to scorn: they shoot out the lip, they shake the head, *saying,* He trusted on the LORD *that* he would deliver him: let him deliver him, seeing he delighted in him.

FULFILLED: (Luk. 23:35-37) And the people stood beholding. And the rulers also with them derided *Him,* saying, He saved others; let Him save Himself, if He be Christ, the chosen of God. And the soldiers also mocked Him, coming to Him, and offering Him vinegar, And saying, If Thou be the king of the Jews, save Thyself.

OUR SUBSTITUTE SACRIFICE

PROPHETIC SCRIPTURE: (Isa 53:5) But he *was* wounded for our transgressions, *he was* bruised for our iniquities: the chastisement of our peace *was* upon him; and with his stripes we are healed. (stripes are wounds from a Roman whip)

FULFILLED: (Rom 5:6,8) For when we were yet without strength, in due time Christ died for the ungodly. But God commendeth His love toward us, in that, while we were yet sinners, Christ died for us.

RAISED FROM THE DEAD

PROPHETIC SCRIPTURE: (Psa 16:10) For thou wilt not leave my soul in hell; neither wilt thou suffer thine Holy One to see corruption.

FULFILLMENT: (Mar 16:6-7) And he saith unto them, Be not affrighted: Ye seek Jesus of Nazareth, which was crucified: He is risen; He is not here: behold the place where they laid Him. But go your way, tell His disciples and Peter that He goeth before you into Galilee: there shall ye see Him, as He said unto you.

Our proof that the Bible is the only true Word of the only True God, the God of Abraham, Isaac and Jacob and is forever established, is it's uniqueness! It is unique in that one fourth of it was prophetic at the time it was written, and so many prophecies have come to pass already just exactly as prophesied. These prophecies are divinely inspired by God, and their fulfilment serve as proof that our God exists and that His Word is true. No other religion (eg. Islam, Buddhist, Hindu etc) has any prophecies contained in their "holy" books. They are totally silent about the future, because only the Lord of the Bible can see the future. The God of the Bible has proved without any shadow of doubt that He alone is God, because no other religion can claim to have had it's "god" prophecy any future events that have come to pass. Jesus said in John 14 verse 6: **I am the way, the truth, and the life. No one comes to the Father except through me.** This proves that Buddha, Allah, Krishna etc. are not just other names for the same God, as the New Age propagators would have us believe. We serve the Lord Jesus Christ, Who is the only way to Eternal Life.

Through prophecy God reveals His authority, His power and wisdom. He reveals His purposes and therefore we who serve Him can have total peace because we know that Father God is in charge, and we do not have to fear, because He never changes. We read in **Hebrews 13 verse 8**: **Jesus Christ is the same yesterday, today and forever**" and in **Malachai 3:6: For I am the Lord, I do not change.**

Because we know the God whom we serve, His love, His provision, His protection and His fore knowledge, we do not have to fear, because He who spoke it will surely bring it to pass. And He who warned us through prophecy before hand is supremely able to keep us safe as His eternal plan unfolds. I conclude with the words spoken by Jesus: Now I tell you before it comes, that when it

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ongeveer ‘n Maand gelede het ons aangetroude kleindogter Brigitta die varkgriep virus opgedoen. Sy is werksaam in London as lugwaardin. Sy was dodelik siek. Dokters kon niks meer doen en geen medikasie kon die verskriklike koors afbring. Sy erken sy het gevoel sy gaan sterf. Ons het die Sentrum geskakel vir gebed en volgens ons SA tyd in London, vroeg in die oggend, moes dit die tyd gewees het wat julle vir haar ingetree het. Sy getuig sy was skielik helder wakker en ‘n sagte hand op haar voorkop gevoel. ‘n Wonderlike gevoel van bevryding het haar gevul en onmiddellik het die koors haar verlaat asook al die pyn. Dieselfde dag kon sy weer begin eet. Niemand kon dit glo! Na ‘n paar dae het sy weer gaan werk volmaak gesond! Groot is ons Almagtige God. Dankie vir julle gebede. God seën julle!

C Diedericks & S Odendaal, Lynnwood

Met ‘n dankbare hart wil ek u bedank vir die voorbidding vir ons Pastoor Cobus Rudolph. Hy het kolon kanker gehad wat versprei het na sy kliere. Onlangs is hy getoets en heeltemal skoon bevind Hy is wonderbaarlik genees deur die genade van die Groot geneesheer. Baie dankie vir al u gereelde voorbidding. Ek bid u die Vader se seën toe.

Mev G Coetzee, Banners Rest

Baie dankie vir al jul gebede. Dankie, Wilhelm is uit die kloue van gay wees. Prys die Here! Halleluja! Ek kan net nie sê watse vreugde ek ervaar het nie. Om te dink my kind was dood, nou lewe hy deur Jesus Christus.

Mev G Bruwer, Oudtshoorn

Ek het 5 Augustus vir julle gevra om asseblief saam met my te bid vir my suster Rika wat kanker het. Ek wil net vir julle dankie sê vir julle gebede, Rika se kanker telling is af van 1200 na 600. Prys die Here, want net Hy alleen kan genesing bring. Daar is waarlik krag in gebede, en ons dien ‘n God wat altyd in beheer is. Ons glo dat die Here haar ten volle sal genees en dat Rika se genesing ‘n groot getuienis gaan wees van wat God vir Sy kinders wil en kan doen. Die Here seën julle vir julle goeie en getroue werk.

Mev Carin Myburgh

I phoned your office on the 5th February to please pray for me in Jesus Name. I am totally healed! On 31ste December I fel land hit my head causing double vision. I could not walk properly. I could not read or drive or watch TV. Every move I made was a huge effort and made me nauseous. I was told the damage to the optic nerve was permanent. My friend gave me your phone number. I thank you so very much for praying to Jesus on my behalf. It is a miracle! I am blessed to be normal again and am able to do my work and read the Bible again! Thank you, thank you in Jesus Name!

Mrs S Studholme, Randfontein

My hart loop oor van blydskap van die Here se genade. Ek het die sentrum in June 2009 geskakel vir gebed vir my man wat in Medi Clinic Hospitaal in Somerset Wes was. Dokters het gevind dat hy ‘n gewas op sy long het en vermoed dat dit kwaadaardig is. Dr James, alles het in duie gestort hier in ons huis oor al die ontsteltenis. Maar alle eer kom God toe. Met u versekering om vir hom te bid, het daar ‘n kalmte oor my gekom en ek het geen vrees meer gehad oor wat die uitslag sal wees nie want ek het geweet God is in beheer. Dr James, die dokter wat die operasie gedoen het se van was ook Dr van Zyl toe sê ek net, my vader u het voorsien. Na die operasie was die dokters baie verbaas want die gewas het nêrens versprei nie, en hulle kon dit geheel en al verwyder. My man is volkome genees alle dank aan die aller hoogste. Laastens wil ek graag vir u vra om vir Alicia te bid vir die werk waar sy nou in is. Dokter James sy nou so van haar werk, sy werk vir die Department van Arbeid maar sy’s nie vas aangestel nie. Ons glo deur God se genade dat sy vas aangestel sal word. Ons glo en vertrou, met voorbidding sal God vir ons daardie deur oopmaak. Ons kan net dankie sê Dr James vir u liefde wat God in u plaas vir u mede mens. Daar’s niemand groter as ons vader in die hemel nie. Groot dankie aan u en familie. Hou my familie in gebed.

Mev S Duminy

Baie dankie vir die pragtige verduideliking in die Oktobermaand se nuusbrief. Ek het veral die baba en die badwater storie baie geniet. Wel, ek skryf al redelik leesbaar met die regterhand – en dis die arm wat my dr. by die elmboog wou afsit. Ek blameer hom nie. Ek dink nie daar is ‘n been in my liggaam wat nog nie gebreek het nie. Hy wou my verdere pyn spaar. Baie dankie vir die gebede oor my blaasbeheer. Ek het volkome beheer oor my blaas sonder pille.


A Pelser, Melville, (20 Oktober 09)

(vervolg vanaf Bl. 2 - Die liefde van Jesus...)

Christus was. Ons moet Sy navolgers wees.

'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê (Joh. 13:34)

Jesus bid in **Joh. 17:24-26: Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld. Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak,**



sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

Ons lees in **Rom. 13:8 : Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.** Die Here het gesê dat Hy ons 'n NUWE gebod gegee het. Wat was NUUT daaraan? Jesus Christus het met Sy lewe en sterwe dit aan ons gedemonstreer, met ander woorde Hy het vir ons gewys HOE ons moet lief hê. Ons moet Sy navolgers wees.

Hoe het Hy liefgehad? Hy het diegene liefgehad wat nie Sy Liefde werd was nie, Sy vyande: Hy het tot vir hulle gesterf. Hy het ander se laste gedra. Nou sal jy miskien sê dat jy nie Jesus is nie – hoe kan jy dan so liefhê.

Kom ek wys vir jou twee interessant tekste.

2 Pet. 1:3-4: Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien deur die kennis van Hom…. Sodat julle daardeur DEELGENOTE kan word van die goddelike natuur…

As Kinders van God het ons DEELGENOTE geword van Sy Goddelike Natuur, en deel van Sy Natuur is Liefde. ONS KAN DUS LIEF Hê SOOS HY LIEFHET.

Rom. 5:5: …. Omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

As Kinders van die Here, is GOD SE LIEFDE UITGESTORT IN ONS HARTE. Is Jesus jou Here? Dan vloei Sy Liefde in jou hart, en nooit kan jy sê jy kan nie iemand lief te hê nie. (Dis mos die MODE in vandag se huwelike!)

Jesus Christus het GEKIES om Sy Liefde aan die Kruis te demonstreer. As Sy kinders moet ons Sy navolgers wees en KIES om lief te hê – emosies is 'n bonus!

Agapè liefde faal nooit. Soos God se Liefde in 'n situasie en in 'n ander persoon se lewe in gebring word, word verandering bewerk. NIKS IS VIR GOD ONMOONTLIK NIE ! Jy mag miskien uitroep: "Ek het al twee, drie – maal probeer, en nog niks vermag nie!" Wanneer jy liefde saai, kom die oes nie dadelik nie – so is dit ook in die natuur. Miskien gaan jy eers later die oes insamel, MAAR DAAR GAAN 'N OES WEES! Hoeveel mense verwerp nie vir baie jare God se liefde nie, en dan skielik op 'n dag oorweldig dit hulle.

Geloof en liefde gaan hand-aan-hand. Jou liefdesdaad is 'n geloofsdaad. Jy stel jou geloof vry as jy liefde demonstreer. Liefde is nie WOORDE nie, maar wel OPTREDE. Kyk na Skrifte soos Luk. 6:36-38, 2 Kor. 9:6-11, Gal. 6:7-8.

LIEFDE VERDRYF VREES

1 Joh. 4:16-19: En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo God is liefde, en hy wat in die liefde bly, bly in God en God in hom.

Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Goddelike Liefde verdryf vrees omdat dit volmaak is. Omdat liefde die teenoorgestelde is van Satan se karakter, vlug hy daarvoor weg. Satan bring vrees, maar hy vlug as jy die Here se Woord en Sy Liefde in omstandighede inbring. Om in liefdeloosheid op te tree, is om met die duiwel saam te werk, maar om lief te hê is om met die Here saam te werk. As jy volhou om te haat verbitter en hardkoppig en vol rebellie te wees, is jy net soos die duiwel en hy voel tuis by jou. Wanneer jy soos 'n navolger van die Here in liefde optree, verdryf jy die duiwel.

(1Co 13:1-13) Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.

En al sou ek die gawe van profesie hê en al die

(Vervolg op Bl. 8)

Die Here het gesê dat Hy ons 'n NUWE gebod gegee het. Wat was NUUT daaraan? Jesus Christus het met Sy lewe en sterwe dit aan ons gedemonstreer, met ander woorde Hy het vir ons gewys HOE ons moet lief hê. Ons moet Sy navolgers wees.



uit **Dr James** se kantoor

Ek kan dit skaars glo dat dit die laaste "Uit Dr James se Kantoor" is vir hierdie jaar. Hierdie jaar het waarlik verby gevlieg en ek voel altyd dat ons die tyd moet delg omdat die dae waarin ons leef waarlik die laaste van die laaste dae is. 2009 was ‚n baie produktiewe jaar vir die Sentrum gewees. Die Here het ons wonderlik geseën met Sy liefde, beskerming, openbaring van Sy Woord en voorsiening. Weereens wil ons almal by die Sentrum elkeen van julle bedank vir al die insettinge wat julle in ons lewens hierdie afgelope jaar gegee het. Baie dankie vir julle oproepe, briewe, finansiële ondersteuning, gebede en veral julle getuienisse. Ons gee voortdurend alle dank en eer aan ons Here vir julle gehoorsaamheid om gewillige kanale van Sy voorsiening te wees deur om te bid en vrywillig te gee. Die Here sal julle oorvloedig seën vir alles wat julle gedoen het tot eer van Sy Naam hierdie afgelope jaar sodat die Woord van Waarheid duisende kosbare siele kon bereik.

Ek het onlangs, nou in my goue jare, 'n baie eenvoudige maar skatvolle ontdekking gemaak aangaande die Here. Dit is hoe Hy reageer op praktyke wat mense beplan en doen in teenstelling met Sy Woord en Sy opdragte. Die bewyse daarvan is so opvallend en elke dag sien en hoor ons daarvan op TV, radio of lees ons in die koerante van die menslike gesprekke. Net soos met die Toring van Babel (Gen. 11:6-8) waar mense in beheer wou wees. Die Here het VERWARRING gesaai en die menslike planne en oplossings tot niet gebring. Nie net was die toedrag van die huidige sake deur die ongehoorsaamheid van mense veroorsaak nie, maar al hulle wêreld wye byeenkomste vererger net daagliks dit wat hulle probeer oplos. My nuutste boek "The Wisdom of Man is Foolishness with God" mag my laaste een wees want ek is nou 80 jaar oud en is 'n openbaring van die eindtyd. Die Here het my geseën om die Evangelie vir meer as 30 jaar oor baie van die dele van die wêreld te kon versprei. Hierdie boek kan deur ons almal op een of ander manier versprei word om die leuens te ontbloot en siele te red. Die prys van die boek is R10 en dit sluit die posgeld in. Op die oomblik is dit net in Engels beskikbaar want ek is besig om die Afrikaanse woorde vir die Engelse terme te vind, maar dit sal binne die volgende twee maande beskikbaar wees.

Ons vertrou dat die eksamen uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid. En ons loof en prys die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê. Ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie geseënd sal wees. Wie weet, volgende jaar kan die jaar van die wederkoms van die Here wees!

Hou julle oë na die Hemele gerig en wees geseënd!

Met baie liefde van ons almal by die Sentrum,

Dr James

NEW BOOK

This book is a must for every Christian.

"Man's Wisdom is Foolishness with God"

M72 - @ R10.00

NOTICE

We strongly recommend that you read our book "A Woman after God's own Heart", in the light of current local and world wide events, and the distortion and reversal of the role of the woman according to God's Word.

Book no. 68 @ R16.00.

It is also available in Afrikaans "Die Vrou na God se Hart", Boek nr. 69.

(Continued from page 4)
does come to pass, you may believe that I am He**.** And now I have told you before it happens, that when it does come to pass, you may believe. **(John 13 verse 19 and John 14 verse 29)** Although Peter, personally could testify to the Living glorified Christ, let us remember the importance of his words in **2 Peter 1 verse 19: We also have the prophetic word which is even more sure than this, which you do well to heed as a light that shines in a dark place, until the day dawns and the morning star rises in your hearts.** □

(Vervolg vanaf Bl 6 - As My Woorde in julle bly...)
geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan. Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.

Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan. Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die LIEFDE.

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.